# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
# *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

## OCTOBER / NOVEMBER
## *OKTOBER / NOVEMBER*

## 2004

## AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL

**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Taalgebruik in Konteks)**

LG **102-3/1 LS**

**12 bladsye**

AFRIKAANS TWEEDE/ADDISIONELE TAAL LG: Vraestel 1

102 3 1 LG

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL LG**
**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Taalgebruik in Konteks)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- AL die afdelings en vrae is verpligtend.
- Nommer jou antwoorde soos die vrae in die vraestel genommer is.
- Nommer jou antwoorde duidelik en in die <u>middel</u> van die bladsy.
- Lees elke vraag baie goed deur sodat jy presies weet wat gevra word.
- Werk netjies en baken die afdelings en vrae behoorlik af.

---

# AFDELING A
## LEESBEGRIP

### VRAAG 1

- Lees die volgende **artikel** en beantwoord die vrae wat daarna volg.
- Gee slegs die antwoord op die vraag.

***ONS DORPE EN HUL NAME***

Alice is 'n dorpie in die Ciskei, Oos-Kaap, wat in 1847 vernoem is na die tweede dogter van koningin Victoria. Die Universiteit van Fort Hare is hier geleë.

Amanzimtoti is suid van Durban aan die oewer van die Umbogintwinirivier geleë. Die naam is 'n samestelling van *kanti amanza mtoti* wat beteken die water is soet. Daar word gesê dat Shaka, die beroemde Zoeloekoning, hierdie woorde gesê het toe hy in 1828 die eerste keer water van die rivier gedrink het.


Barberton is 'n dorpie in die Mpumalangase Laeveld en is vernoem na die broers, Barber. Dit is in 1884 gestig en was 'n baie besige goudmyndorp.

Boksburg is aan die Oos-Rand van Gauteng geleë en is vernoem na die staatsekretaris van die ou Suid-Afrikaanse Republiek, dr. W.E. Bok.

Coligny is 'n dorpie in die Noordwes Provinsie. Dit is in 1918 gestig en vernoem na Gaspard de Coligny, 'n beroemde Franse Hugenote-leier van die 16de eeu.

Cullinan lê 25 km oos van Pretoria. Die dorp is vernoem na Thomas Cullinan wat in 1902 'n ryk diamantrif hier ontdek het. Die wêreldbekende Cullinan-diamant is in 1905 hier ontdek. Die Transvaalse regering het dit gekoop en aan koning Edward van Engeland geskenk. Daar word steeds diamante by die Premiermyn in die omgewing ontgin.




[Verwerk uit: *De Kat,* Februarie 2000]

**VRAE:**

1.1 Waarvandaan kom die dorpie, **Alice**, se naam? (1)

1.2 Waar in die land is die dorpie, **Alice**? (1)

1.3 Watter bekende universiteit se naam word in hierdie leesstuk genoem? (1)

1.4 Wat beteken die naam van die dorp, **Amanzimtoti**? (1)

1.5 Van watter rivier word daar in reël 6 gepraat? (1)

1.6 Vir watter edelmetale en edelstene wat gebruik word om ringe en hangertjies te maak, is die volgende dorpe bekend:

1.6.1 Barberton
1.6.2 Cullinan (2)

1.7 Na wie is die dorpie, **Barberton**, vernoem? (1)

1.8 Waar in die land sal ons die dorpie, **Coligny**, kry? (1)

1.9 Wat is die naam van die myn in die Cullinan-omgewing? (1)

1.10 Kyk goed na die prente op bladsy 3.

1.10.1 Waarvoor is die Paarl bekend? (1)

1.10.2 Beskryf die gesigsuitdrukking van die man wat na die naambord kyk. Kies die regte antwoord en skryf dan slegs A, B of C langs die vraagnommer neer.

A. Hy is bang.
B. Hy verstaan nie wat aangaan nie.
C. Hy is kwaad. (1)

**EN**

Lees die volgende kort **paragrafie** oor ***die Geskenk*** en beantwoord die vrae wat daarna volg.

# die Geskenk

***Haar hele lewe lank het geld haar duur geskenke gekenmerk. Nou, met haar mondigwording, ontvang sy 'n geskenk wat sy nooit kon voorsien het nie – en dit het met geld niks te make nie ...***

**VRAE:**

1.11 Skryf EEN WOORD uit die paragrafie neer wat dieselfde beteken as: **dit kos baie geld**. (1)

1.12 Skryf EEN WOORD uit die paragrafie neer wat dieselfde beteken as: **om iets te kry**. (1)

1.13 Skryf 'n ander woord uit die paragrafie neer vir: **present**. (1)

1.14 Hoe oud dink jy word iemand wat **mondig** word? Kies die korrekte antwoord en skryf dan net A, B of C langs die vraagnommer neer.

A. Agtien
B. Een-en-twintig
C. Vyf-en-twintig (1)

**EN**

Lees die volgende **koerantberig** en beantwoord die vrae wat daarna volg.

## MOTORFIETSRYER OP SLAG DOOD

**Deur ons Polisieverslaggewer**

1 'n MOTORFIETSRYER is die naweek op slag dood
2 nadat hy vermoedelik beheer oor die motorfiets waarop
3 hy gery het, verloor het en teen 'n motor gebots het. Die
4 motor het daarna begin rol. Die bestuurder, mnr. R. Scott
5 (43), is slegs lig beseer. Daar was geen passasiers in die
motor nie.

6 Mnr. G. Dannhauser (25) is Vrydagaand omtrent half-
7 sewe dood.

8 Na verneem word, het mnr. Dannhauser so vinnig gery
9 dat die botsing veroorsaak het dat die motor begin rol het.

10 Dit is onbekend hoe die ongeluk gebeur het. Die polisie-
11 ondersoek gaan voort.

**[Uit: *Beeld*, 12 April 2003]**

**VRAE:**

1.15 Wat was die naam van die motorfietsryer? (1)

1.16 Noem EEN DING tussen reëls 1 en 5 en EEN DING tussen reëls 8 en 9 wat vir jou sê hoekom die ongeluk gebeur het. (2)

1.17 Waarom het die motor begin rol? (1)

1.18 **Wanneer** en **hoe laat** die naweek het die ongeluk plaasgevind? (2)

1.19 Wanneer is iemand **op slag dood**? (Opskrif) Kies die regte antwoord en skryf slegs A, B of C langs die vraagnommer neer.

A. 'n Ruk na die ongeluk.
B. 'n Week na die ongeluk.
C. Op die oomblik wat die ongeluk gebeur. (1)

1.20 Skryf EEN WOORD neer vir **iemand wat saam met die bestuurder in 'n motor is.** (1)

1.21 Sê of die volgende sinne WAAR of ONWAAR is:

1.21.1 Die polisie weet presies hoe die ongeluk gebeur het. (1)

1.21.2 Die motorfietsryer het baie roekeloos gery. (1)

Lees die volgende **koerantberig** en beantwoord die vrae daaroor wat daarna volg.

## DUUR KELPIEHONDE GAAN SAPD IN TAAK HELP

**Deur DEON OOSTHUIZEN: Johannesburg**

**1.** 'n SELDSAME en duur soort skaaphond word deur die polisie se hondeskool vir misdaadbekamping gebruik. Die honderas is die Australiese kelpie en dit kos tot R14 000 om 'n reun en selfs meer om 'n tefie na Suid-Afrika in te voer.

**2.** Volgens adjt.-off. Kim Yates, hanteerder van die eerste SAP-kelpie, word skaaphonde hoofsaaklik deur veediefstaleenhede gebruik.

**3.** Hulle gebruik ook die gewilde Skotse skaaphond, maar die Australiese kelpie is sterker.

**4.** Die kelpie is die ideale hond vir Suid-Afrika se harde klimaat en is ook nie te saggeaard of te aggressief nie.

**5.** Die kelpie gebruik veral sy oë en nie sy tande nie om 'n trop diere te beheer.

**6.** Adjt.-off. Yates sê dit kan tot vier jaar en selfs langer duur om 'n hond behoorlik vir polisiewerk af te rig.

**7.** In die eerste vier jaar van opleiding word liefde en vertroue tussen die hond en afrigter gevestig. Vertroue is een van die belangrikste elemente in so 'n verhouding.

**8.** Die hond reageer op fluite en stembeheer. Hy moet weet waar links en regs is, maar 'n goed opgeleide kelpie sal ook op sy eie instinkte reageer wanneer sy hanteerder nie by is nie.

**VRAE:**

1.22 Wie of wat is die SAPD? (1)

1.23 Waarvoor gebruik die SAPD die duur honde? (1)

1.24 Watter TWEE SOORTE honde gebruik die SAPD gewoonlik? (2)

1.25 Waarom word die kelpie as ideaal vir Suid-Afrika beskou? (1)

1.26 Gee DRIE redes waarom die kelpie ideaal is om met 'n trop diere te werk. (3)

1.27 Kies elke keer die regte antwoord deur slegs A, B of C langs die vraagnommer neer te skryf.

1.27.1 'n Mannetjieshond word

A 'n reuntjie genoem.
B. 'n tefie genoem.
C. 'n seuntjie genoem. (1)

1.27.2 'n Wyfiehond word

A. 'n reuntjie genoem.
B. 'n tefie genoem.
C. 'n dogtertjie genoem. (1)

1.28 Hoeveel geld sal 'n mens vir so 'n kelpie betaal? (1)

1.29 Hoe lank vat dit om 'n kelpie behoorlik vir polisiewerk op te lei? (1)

1.30 Kies elke keer die regte antwoord en skryf dan net A, B of C langs die vraagnommer neer:

1.30.1 Die eerste paragraaf begin met "'n Seldsame en duur soort skaaphond..." Wat beteken dit as hulle sê dat die honde **seldsaam** is?

A. Die honde is dan baie alleen.
B. Daar is baie van hierdie honde in die land.
C. Daar is nie baie van hierdie honde in die land nie. (1)

1.30.2 Die eerste paragraaf eindig met "... om 'n tefie na Suid-Afrika in te voer." Wanneer word iets **ingevoer**?

A. Wanneer dit van oorsee af na Suid-Afrika gebring word.
B. Wanneer 'n hond kos gegee word.
C. Wanneer jy iemand betaal vir 'n hond wat jy gekoop het. (1)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

## AFDELING B
## TAALGEBRUIK IN KONTEKS

### VRAAG 2

2.1 Kies elke keer die korrekte antwoord en skryf net A, B, C of D langs die vraagnommer neer:

2.1.1 In watter EEN van die volgende sinne is die **meervoudsvorm** <u>verkeerd</u>?

A. Ek het twee <u>hempe</u> gekoop.
B. Die ambagsman werk verskillende <u>skofte</u>.
C. Ons het in die koelte van die <u>bome</u> gesit.
D. Hoeveel <u>vrae</u> moet ek nog beantwoord? (1)

2.1.2 In watter EEN sin is die **verkleiningsvorm** <u>verkeerd</u> gespel?

A. Ons speel 'n oulike <u>speletjie</u>.
B. Die <u>skippie</u> lyk so klein op die groot see.
C. Waar is die klein <u>tangetjie</u>?
D. "My <u>maaitjie</u> wil nie by my kom kuier nie", huil die seuntjie. (1)

2.1.3 Watter EEN van die woorde sal die volgende sin korrek voltooi?

**Ek wil jou ....... jou foute wys.**

A. by
B. op
C. oor
D. aan (1)

2.1.4 Watter EEN van die woorde sal die volgende sin korrek voltooi?

**Ons gaan inkopies .........**

A. doen.
B. hou.
C. maak.
D. vind. (1)

2.1.5 In watter EEN sin word die onderstreepte woord verkeerd gebruik?

A. Die kat het die muis opgevreet.
B. Ek het die meisie by die fliek geontmoet.
C. James het sy werk voltooi.
D. Susan het vir Sifiso aan sy stem herken. (1)

2.1.6 Watter EEN van die onderstreepte woorde word verkeerd gebruik?

A. Ek sal gister huis toe gegaan het.
B. Die siek kind wou gister nie sy medisyne drink nie.
C. Jy kan nie nou buite speel nie.
D. Julle take moes verlede week al klaar gewees het. (1)

2.1.7 In watter EEN sin is die **woordorde** verkeerd?

A. Volgende jaar kan ons nie met vakansie gaan nie.
B. Ons kan volgende jaar nie met vakansie gaan nie.
C. Volgende jaar ons kan nie met vakansie gaan nie.
D. Ons kan nie volgende jaar met vakansie gaan nie. (1)

2.1.8 In watter EEN sin word die onderstreepte woord verkeerd gebruik?

A. Die verpleegster het gesê dat sy die siek kind sal versorg.
B. Die tikker het haar opdrag klaar getik.
C. Die aktrise het die rol van die moeder gespeel.
D. Lady Diana was die prinses van Wallis. (1)

2.1.9 Watter woord het die korrekte teenoorgestelde betekenis van die onderstreepte woord?

**Ek is nou glad nie honger nie.**

A. dik
B. opgevreet
C. vol
D. versadig (1)

2.1.10 Waarvoor staan die onstreepte **afkortings** in die uitknipsel?

DI . VR SLEGS R7

A. Digters tot verloofdes.
B. Dogters tot vrouens.
C. Dames tot vrouens.
D. Dinsdag tot Vrydag. (1)

2.1.11 Wat is die korrekte Afrikaans vir die Engelse woorde tussen hakies?

Die motoris (**lost his way**).

A. het sy pad verloor.
B. het sy pad verlore geraak.
C. het van die pad af gery.
D. het verdwaal. (1)

2.1.12 Skryf EEN WOORD neer vir **tafels, stoele, lessenaars, kaste, ens**.

A. houtgoed
B. meubels
C. toerusting
D. gereedskap (1)

2.1.13 Watter sin uit die lys voltooi die IDIOOM korrek?

**Wie met vuur speel, gaan .......**

A. sy vingers brand.
B. die huis afbrand.
C. sy klere brand.
D. die veld afbrand. (1)

2.2 Kies die korrekte woord uit die woorde tussen hakies. Skryf slegs die korrekte woord langs die vraagnommer neer.

2.2.1 My pa is ('n/die) beste pa in die wêreld. (1)

2.2.2 Johnny is baie keer ('n/die) moeilike mens om te verstaan. (1)

2.3 Kies die <u>korrekte</u> woord uit die woorde tussen hakies. Skryf slegs die korrekte woord langs die vraagnommer neer.

2.3.1 Al die mense (roep/noem) haar altyd op haar voornaam. (1)

2.3.2 Michael (kuier/besoek) byna elke dag by sy meisie. (1)

2.4 Kies die <u>korrekte</u> woord uit die woorde tussen hakies. Skryf slegs die korrekte woord langs die vraagnommer neer.

2.4.1 Die kind wat deur die boewe (vervoer/gevoer/ontvoer) is, is veilig teruggevind. (1)

2.4.2 Daardie man is 'n (vreemdste/vreemdeling/vreemder) hier, want niemand ken hom nie. (1)

2.5 Skryf EEN WOORD neer vir die twee vetgedrukte woorde in die volgende sin.

'n **Berig** wat in die **koerant** verskyn, is 'n ... (1)

2.6 Skryf die <u>korrekte</u> vorm van die woord tussen hakies neer.

**My skool is (goed) as joune**. (1)

2.7 Voltooi die volgende opskrif met die <u>korrekte</u> woord.

***MIN, MINDER, .....*** (1)

2.8 Kies elke keer EEN WOORD uit die raampie wat in die spasie pas. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer neer.

| | | |
|---|---|---|
| 2.8.1 | Koos sê: "... gaan my ma vra om my te help". | haar<br>wie |
| 2.8.2 | Mev. Botha sal ... nooit doen nie. | hul<br>ek |
| 2.8.3 | ... weet waar die naaste telefoon is? | jy<br>dit |
| 2.8.4 | Meneer, as ... die boek nou wil hê, sal ek dit gaan haal. | sy<br>u |

(4)

2.9 Voltooi die onderstaande sinne deur 'n woord met die **teenoorgestelde** betekenis as die vetgedrukte woord neer te skryf.

Voorbeeld: Jan is nie **fluks** nie, maar ...
Antwoord: lui

2.9.1 Ek gaan my skoene nie **aantrek** nie, maar ... (1)

2.9.2 Dit het nie **gister** gebeur nie; dit sal nou ... plaasvind. (1)

2.10 Die volgende sin se woordorde is verkeerd. Skryf dit <u>korrek</u> oor.

**Ek weet dat hy het dit gesê.** (1)

2.11 Skuif die woorde in die volgende sinne sodat dit <u>korrek</u> lees.

Voorbeeld: Susan maak haar boek skerp en lees haar potlood.
Antwoord: Susan maak haar potlood skerp en lees haar boek.

2.11.1 Grace haal haar baadjie af en trek haar horlosie uit. (1)
2.11.2 Willie kyk aan die mooi meisies en dink na die partytjie. (1)

2.12 Skryf die volgende twee sinne oor as EEN SIN deur die woord tussen hakies te gebruik om die sinne te verbind:


*Ek wonder. Hy sal ook kom.* (of) (1)

2.13 Kyk goed na die volgende uitknipsels en beantwoord dan die vrae.

2.13.1 Skryf die straatadres <u>korrek</u> oor.

**42 Keeromstraat** (1)

2.13.2 Vervang die woord **NIKS** op die volgende parkeerbordjie met die <u>korrekte</u> Afrikaanse woord.




(1)

2.14 Skryf die <u>korrekte</u> Afrikaans vir die Engelse woord tussen hakies neer.

(Put) daardie ander baadjie aan. (1)


2.15 Kyk na die volgende uitknipsels en prente en gee die suiwer Afrikaans vir:

2.15.1 *brêkfis*

**HULLE EET EIERS**
**VIR BRÊKFIS.** (1)

**b.o.**

2.15.2 *torch*



(1)


2.15.3 *taste*



(1)

2.16 Die woord **poliesie** is hier verkeerd gespel. Skryf die woord <u>korrek</u> oor. (1)

2.17 Kyk mooi na die prentjie. Wat noem ons hierdie toestel op wiele waarmee grasperke gesny word?



(1)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [40]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**